

7 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 44:1-27

Fokusgedeelte: Psalm 44:2, 18, 19 en 24

Eer én smaad vir die kerk

Psalm 44 is 'n onderwysing. Wie word onderrig en waarom? Dis die kerk wat onderrig word. Waarom? Oor die groot vraag: Waarom eer God soms sy kerk met magtige wonderdade (vs 2), maar andersyds gee Hy skynbaar nie om dat sy kerk aangeval en verneder word nie (vs 15 en 16)?

As in die geskiedenis teruggekyk word, blyk die magtige daade van die Here. God het vir sy volk plek gemaak en hulle geplant in die beloofde land. Te midde van oorlog, was dit jare van oorwinning en eer.

So kyk ons ook vanjaar terug oor 150 jaar en sien baie wonderdade van die Here vir ons kerke in kerkverband. Ons ken hierdie wonderdade en sal dit vanjaar opnuut laat skitter. Onse God daarvoor dank!

Maar dan merk die digter die geweldige kontras. Hy gaan praat met God in gebed en lied daaroor: Here, waarom verstoot U ons? Ons is (vandag) 'n bespotting onder die nasies. Waarom slaap U? Die antwoord as onderwysing? Dis oor U dat die dood ons gedurig tref (vs 23).

Verstaan dit so: Eer en smaad het beide sy werking en diens in die lewe van die kerk. Paulus ken hierdie waarheid as hy Psalm 44:23 in Romeine 8:36 aanhaal. Niks kan ons van God se liefde in Christus, deur die Gees, skei nie.

Voorspoed en teenspoed dien die kerk in die wêreld. God slaap nooit!

Sing: Skrifberyming 5-3:1 en 5

Dr NP Heystek (Emeritus)